higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede Vraestel)

NKR VLAK 3

14 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

ALGEMEEN

1. Assesseer die skryfstukke volgens die aangeduide inhoud en formaat

2. Inhoud word aangedui met (√) en word nagesien volgens die gegewe situasie.

3. Formaat word aangedui met (X) en word negatief nagesien tot die aangeduide maksimum.

4. Gebruik die rubriek by elke nasienriglyn vir die beoordeling van taal en styl.

5. Indien 'n skryfstuk uit die vraestel saamgeflans word of dele van opdragte uit vraestelle oorgeskryf word, sal die skryfstuk nie logies wees nie en die kandidaat ontvang geen punte nie. U kommentaar sal wees: Nie eie werk nie.

6. By skryfstukke wat te lank is: Lees tot by die afsnypunt en skryf dan *lengte* ter verduideliking. By skryfstukke wat te kort is, penaliseer die kandidate hulself by die inhoud. Skryf weer die woord *lengte* ter verduideliking.

Die volgende simbole/tekens kan by die nasien van skryfstukke gebruik word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	=	Kort dubbelstreep onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter bo die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/onverstaanbaar	∫	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	'n Sirkel

Kopiereg voorbehou

NEERSKRYF VAN PUNTE

VOORBEELD

I	**=**	**INHOUD:**	**punt uit 8:**	**I**	**=**	**8**
F	**=**	**FORMAAT:**	**punt uit 5:**	**F**	**=**	**3**
T/S	**=**	**TAAL EN STYL:**	**punt uit 7:**	**T/S**	**=**	**4**
						15/20

ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

AFDELING A: VERSLAG (150–250 woorde)

VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

VOORBEELD

ONGELUKSVERSLAG				
Naam van beseerde persoon	Clinton Berends**X**	**Datum van ongeluk**	12 Augustus 2022**X**	(2)
Hoedanigheid	Vlak 3 student of student **X**	**Tyd van ongeluk**	Enige toepaslike tyd **X**	(2)
Afdeling/Departement	Vlak 3 student OF Ingenieurswese OF Sakestudies **X**	**Plek van ongeluk**	George-skougrond OF skousaal**X**	(2)
Beskrywing van ongeluk	Die komitee het op 12 Augustus die stalletjie by die George-skougrond begin bou.√√ Die studente het houtpale gesny√√ en Clinton Berends het die pale met die elektriese saag gesny.√√ Toe verloor hy sy balans √√ en sny met die saag sy regterbobeen raak.√√ Clinton het gegil en die saag neergegooi.√√ Hy het met sy hande die wond probeer toedruk.√√ Daar was 'n diep sny en die bloed het daaruit gestroom.√√ Hy het begin bewe en het bleek geraak.√√ Hy kon nie opstaan of sy been gebruik nie.√√ Een van die studente het by hom gesit en met hom gepraat.√√ Ek het met 'n tafeldoek die bloed probeer stop.√√ Die voorsitter het die ambulans en kampushoof gebel.√√			(26)

Uitslag van mediese ondersoek	Die ambulans het Clinton na die George-hospitaal vervoer.√ By sy aankoms is hy deur die dokter by ongevalle ondersoek.√ Hulle het vir hom bloed gegee.√ Hulle het ook vir hom 10 steke ingesit.√ Sy wond is verbind√ en die dokter het hom 'n klem in die kaak inspuiting gegee.√ Hy moes in die hospitaal oornag.√			(7)
Naam van opsteller	Eie naam en van **X**	**Pos/rang/amp van opsteller**	Sekretaris **X**	(2)
Handtekening van opsteller	Handtekening **X**	**Datum**	Datum binne 2 dae na ongeluk **X**	(2)

✓ **DUI INHOUD AAN**
X DUI FORMAAT AAN

INHOUD
- 2 punte per inhoudsfeit word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓). (Behalwe EEN punt vir sekere feite by “Beskrywing van ongeluk” asook by “Uitslag van mediese ondersoek".)
- ✓ Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.
- ✓ 150–250 woorde.

FORMAAT
- × Aangedui met (X).
- × Penaliseer vir elke fout – 1 tot 'n maksimum van 10 punte.
- × Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.

TAAL EN STYL
- × Gepaste styl, toon en register.
- × Sien volgens die assesseringskaal na.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 33**
F	**= Formaat (X)**	**punt uit 10**
T/S	**= Taal en Styl**	**punt uit 7**
		50

I	**= 16**
F	**= 8**
T/S	**= 4**
Tot.	**28/50**

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. **WOORDESKAT** is baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	6 Baie goed (70 – 79%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie, uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	5 Goed (60 – 69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. **SINNE** is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	4 Gemiddeld (50 – 59%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte van sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** is voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	3 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het **GRAMMATIKAAL** verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. **SINNE** is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid van soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. **WOORDESKAT** is beperk en nie baie vanpas vir doel van teks, lesers en konteks nie. Die woordeskat begin begrip van die skryfstuk beïnvloed. **STYL, TOON EN REGISTER** toon gebreke/leemtes. Fokus is van die onderwerp af.
	2 Swak (30–39%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

Kopiereg voorbehou

	0–1 **Baie swak** **(0–29%)**	INHOUD wemel grammatikaal van foute. Woord- en sinstrukture onverstaanbaar. **SINNE** is baie swak en plek-plek onverstaanbaar. **WOORDESKAT** benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat baie swak en onverstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** kom nie ooreen met onderwerp nie/nie van toepassing op onderwerp nie. Moeilik om te volg.

[50]

OF

VRAAG 2: VORDERINGSVERSLAG

VOORBEELD

X (Hoofletters) VORDERINGSVERSLAG OOR KOLLEGE SE STALLETJIE BY GEORGE-SKOU SOOS BEPLAN VIR 15 AUGUSTUS 2022 √√ (ENIGE TOEPASLIKE OPSKRIF)

X AGTERGROND

Ek kan u meedeel dat die reëlings vir die oprig van die Kollege-stalletjie by George-skou√ van 15 Augustus 2022 √ by die George-skougrond√ baie goed verloop.√

X DOEL

Die doel van die verslag is om aan te dui watter take reeds voltooi is,√√ waarmee die komitee tans besig is en watter take nog afgehandel moet word. √

X TAKE WAT REEDS VOLTOOI IS (ENIGE TWEE TOEPASLIKE TAKE)

√√ Die baniere is reeds gedruk.
√√ Die houtpale is reeds afgelaai.

X TAKE WAARMEE TANS BESIG IS (ENIGE DRIE TOEPASLIKE TAKE)

√√ Die brosjures is tans by die drukkers.
√√ Die kwotasie vir die tafels word hierdie week afgehaal.
√√ Die rooster vir toesig word tans opgestel.

X TAKE WAARAAN NOG AANDAG GESKENK MOET WORD (ENIGE DRIE TOEPASLIKE TAKE)

√√ Die kospakkies vir die toesighoudende personeel moet nog gereël word sodat hul tydens hul skofte kan eet.

√√ Die fotograaf moet nog gereël word.
√√ Die elektrisiteit moet nog uitgesorteer word.

X GEVOLGTREKKING

√√ Evaluering van die situasie, bv. uit hierdie verslag sal u opmerk dat alles tot op datum glad verloop en dat daar geen probleme met die reëlings vir die oprig van die stalletjie by die skou is nie.√√ Indien u van enige probleme bewus is, sal dit gaaf wees indien u die Komitee kan inlig.

X HANDTEKENING VAN STUDENT

INHOUD:
- 2 punte OF 1 punt per inhoudsfeit word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓).
- Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.
- 150–250 woorde.

Uitnemend	Meriete	Substansieel	Bevredigend	Gemiddeld	Elementêr	Nie bereik nie
80% +	70–79%	60–69%	50–59%	40–49%	30–39%	0–29%

FORMAAT:
- × Aangedui met (X).
- × Merk negatief tot op ’n maksimum van 8.
- × Dui fout aan met X op antwoordstel.

TAAL EN STYL:
- × Gepaste styl, toon en register.
- × Sien volgens die assesseringskaal na.

ASSESSERINGSKAAL

Taal en styl (12)	**10–12** Toon KRITIESE TAALBEWUSTHEID. Effektiewe gebruik van TAAL EN PUNKTUASIE. Figuurlike taal effektief gebruik. WOORDKEUSE hoogs toepaslik/ uitmuntend. STYL, TOON EN REGISTER is hoogs gepas. Verslag feitlik foutloos na PROEFLEES EN REDIGERING.	**8½-9½** Toon KRITIESE TAALBEWUSTHEID. Korrekte gebruik van TAAL EN PUNKTUASIE. Kan figuurlike taal in korrekte konteks gebruik. Variasie in WOORDKEUSE en woorde word korrek gebruik. STYL, TOON EN REGISTER is toepaslik vir die onderwerp. Verslag meestal foutloos na PROEFLEES EN REDIGERING.	**7½-8** Daar is bewyse van KRITIESE TAALBEWUSTHEID. TAAL EN PUNKTUASIE meestal korrek. WOORDKEUSE is gepas. STYL, TOON EN REGISTER is meestal toepaslik. Verslag oor die algemeen foutloos na PROEFLEES EN REDIGERING.	**6-7** 'n Aanduiding van KRITIESE TAALBEWUSTHEID. TAAL baie eenvoudig en PUNKTUASIE voldoende. WOORDKEUSE voldoende. STYL, TOON EN REGISTER oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. Verslag het steeds foute na PROEFLEES EN REDIGERING.	**5–5½** Beperkte KRITIESE TAALBEWUSTHEID. TAAL gewoon en PUNKTUASIE dikwels foutief. WOORDKEUSE basies. STYL, TOON EN REGISTER toon gebrek aan samehang. Verslag het steeds baie foute na PROEFLEES EN REDIGERING.	Geen KRI TAALBEW Gebrekkig PUNKTUA WOORDK beperk. S EN REGIS gebrekkig besaai me PROEFLE REDIGER

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 30**
F	**= Formaat**	**punt uit 8**
T/S	**= Taal en Styl**	**punt uit 12**
		50

I	**= 20**
F	**= 4**
T/S	**= 7**
Tot.	**31/50**

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE SKRYFWERK (120–150 woorde)

VRAAG 3: KENNISGEWING EN AGENDA

VOORBEELD

KENNISGEWING VAN SKOUSTALLETJIE-KOMITEEVERGADERING √

Neem kennis van ’n skoustalletjie-komiteevergadering√ wat om 10:00√ op Woensdag√
2 Augustus 2022√ by George-skougrond sal plaasvind.√

Die Uwe

STUDENT SE NAAM√
SEKRETARIS√

Kopiereg voorbehou

AGENDA√

1. Bywoningsregister

2. Verskonings

3. Opening en verwelkoming

4. Notule van vorige vergadering√

5. Sake uit die notule√

   5.1 Aankoop van houtpale√
   5.2 Druk van baniere√

6. Nuwe Sake√

   6.1 Toesigrooster vir dosente√
   6.2 Uitdeel van brosjures√
   6.3 Kospakkies vir personeel√

7. Algemeen√

8. Datum van volgende vergadering√

9. Afsluiting√ **[20]**

EN

VRAAG 4: NOTULE

4.1 Opening
4.2 Verskonings
4.3 Notule van vorige vergadering
4.4 Voorsteller
4.5 Sake uit die notule
4.6 Houtpale
4.7 Nuwe sake
4.8 Brosjures OF Uitdeel van brosjures
4.9 Algemeen
4.10 Afsluiting

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING B: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)

VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

VOORBEELD

X Aan: Paul Isaacs ½ X Van: Marie Bosman ½
X Firma: George Drukkers½ X Tel.: Enige gepaste nommer ½
X Datum: 3 Augustus 2022½ X Tyd: 14:15 ½

X **Boodskap:** DRUK VAN BANIERE UITGESTEL ½ (OF SOORTGELYK)

√ Sy wil u inlig dat die baniere nie 5 Augustus gereed gaan wees nie.
√ Sy vra om verskoning.
√ Dit sal eers 8 Augustus gereed wees.
√ Die ontwerper se kind is oorlede.
√ en die drukkers sluit uit medelye.
√ Sy sal persoonlik die ontwerp afhandel.
√ Dit sal 7 Augustus gedruk word.
√ Sy gee 20% afslag op die kwotasie.
√ om vir die vertraging te vergoed.
√ Sou u meer wil weet, kan u haar skakel.

X Geneem deur: _STUDENT SE NAAM EN VAN ½

INHOUD

Punte word toegeken vir inligting verskaf. Die aangeduide inligting moet daar wees.

Kopiereg voorbehou

FORMAAT

- Word met 'n X aangedui.
- Elke aspek verdien ½ punt tot 'n totaal van 8 x ½ = 4.

TAAL EN STYL

- Gepaste styl, toon en register.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 10**
F	**= Formaat**	**punt uit 8 × ½ = 4**
T/S	**= Taal en Styl**	**punt uit 6**
		20

OF

I	**= 10**
F	**= 1**
T/S	**= 4**
Tot.	**15/20**

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
12	**2**	**6**	**20**
10	1	4	15

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (6 PUNTE)	**6** **Baie goed**	Goeie taalgebruik Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies Geen foute t.o.v. spelling nie Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas uitgebreide en gevorderde woordeskat Taal idiomaties korrek Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens Kommunikasie uiters effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom
	4-5 **Goed**	Goeie taalgebruik Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies Min foute met spelling Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas Uitgebreide en gevorderde woordeskat Taal idiomaties korrek Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens Kommunikasie effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom
	2-3 **Gemiddeld**	Taalgebruik is gemiddeld Minder verskeidenheid sinstipes en -konstruksies Lomp woord- en sinskonstruksie kom dikwels voor Woordeskat is basies en woordbetekenis is nie altyd korrek nie Dwaal soms van onderwerp af Inhoud is vanselfsprekend; niks buitengewoons nie Slaag nog om inhoud verstaanbaar te kommunikeer ten spyte van foute Min gebruik van taalidioom; wel moedertaalinvloed
	1 **Swak**	Taalgebruik is swak Sukkel met basiese woord- en sinstrukture Taal lomp, beperk en dikwels heel onverstaanbaar Baie foute ten opsigte van sinsbou en woordgebruik Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute Gebruik Engelse woorde Slaag nie daarin om boodskap oor te dra nie Kommunikasie moontlik verstaanbaar omdat leser inlees

[20]

OF

VRAAG 6: TYDSKRIFADVERTENSIE

VOORBEELD

VANJAAR IS

DIE HOOP KOLLEGE OOK

BY GEORGE-SKOU! ✓

ENIGE VISUELE PRENT/SIMBOOL/TEKEN/LOGO √

Wanneer: 15 – 18 Augustus 2022 (½) **Waar: George-skougrond (½)**

Speletjies en baie pret.

Kom bestee tyd saam met jou dosente **√**

(ENIGE 2 aktiwiteite wat aangebied word √√)

Die Hoop Kollege het 'n interessante stalletjie in die skousaal. √

Vertoon jou studentekaart om gratis toegang by hekke te verkry. √

Vir verdere navrae, skakel [NAAM (½)] by [gepaste telefoon- of selnommer (½)]

INHOUD

Punte word toegeken vir inligting verskaf. Die volgende inligting moet daar wees:
√ Aanmoediging vir studente om skou te besoek.
√ Lig studente in oor Kollege se betrokkenheid
√√ Kortlikse verwysing na TWEE aktiwiteite.
√ Visuele element
√ Verwys studente kaarte wat by hek vertoon kan word.
√ Opskrif
√ Plek en datum
√ Kontakpersoon met kontakbesonderhede.

FORMAAT

× Raampie om.
× Gepaste posisionering van teks: genoeg wit spasie.
× Verskillende lettertipes.
× A4-grootte.
× Toepassing van ABBA-beginsel.
× Sien negatief na met -1 per fout/weglating tot maksimum 4

TAAL EN STYL

× Gepaste styl, toon en register.
× Sien volgens die assesseringskaal na.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I	**= Inhoud**	**punt uit 9**
F	**= Formaat**	**punt uit 4**
T/S	**= Taal en Styl**	**punt uit 7**
		20

OF

I	**F**	**T/S**	**Tot.**
9	**4**	**7**	**20**
6	1	4	15

I	**= 6**
F	**= 1**
T/S	**= 4**
Tot.	**11/20**

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. **WOORDESKAT** is baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	6 Baie goed (70–79%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	5 Goed (60–69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. **SINNE** is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	4 Gemiddeld (50–59%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte van sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** is voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.

Kopiereg voorbehou

	3 **Onder-gemiddeld** **(40–49%)**	Teks het **GRAMMATIKAAL** verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. **SINNE** is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid van soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. **WOORDESKAT** is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, lesers en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. **STYL, TOON EN REGISTER** toon gebreke/leemtes. Fokus is van die onderwerp af.
	2 **Swak** **(30–39%)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinig wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.
	0–1 **Baie swak** **(0–29%)**	INHOUD wemel grammatikaal van foute. Woord- en sinstrukture onverstaanbaar. **SINNE** is baie swak en plek-plek onverstaanbaar. **WOORDESKAT** benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat baie swak en onverstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** kom nie ooreen met onderwerp nie/nie van toepassing op onderwerp nie. Moeilik om te volg.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou